


DOWN MEMORY LANE

2020-06-01

TOE TRYSIE JOUBERT SERSANT W VAN ZYL WAS

Trysie Joubert (née Van Zyl) vertel van haar opleiding in die Polisiekollege 1973 en daarna as speurder.



Sersant W van Zyl

In die Winter van 1972 het 'n bylaag in 'n Sondagkoerant verskyn oor die heel eerste vrouestudente wat by die SA Polisiekollege in Pretoria met opleiding besig was. Die artikel het dadelik my aandag getrek. Op dié stadium was ek onseker oor my loopbaankeuse, alhoewel ek alreeds by 'n universiteit aansoek gedoen het. Nou het ek egter geweet dit is wat ek graag wil doen en moes eers by my ma verbykom.



Op 1 Januarie 1973 is ek deur maj. Willie Esterhuizen van die SA Polisie Distrikshoofkantoor, Potchefstroom ingesweer waarna ek in die kantoor as 'n soort van bode-cum-liasseerklerk gewerk tot ek by die SA Polisie se Opleidingskollege in Pretoria moes rapporteer. My eerste salarisstrokie vir einde Januarie 1973 was met 'n rooi pen uitgeskryf vir die bedrag van R130,00. Dit was 'n fortuin en

daarmee kon ek losies betaal, alles koop wat ek nodig gehad het en nog genoeg oorhou om te spaar.

By die opleidingskollege was daar twee bevelvoerende offisiere vir dames, naamlik lt. kol. Duveen Botha wat toevallig 'n studentemaat van my pa by die destydse Potchefstroomse Onderwyskollege was, en maj. Nel. Die dames-studente is anders as die mans nie in groot slaaplokale gehuisves nie maar genadiglik het elkeen 'n eie kamer in Rosehof gekry. Verskeie damesstudente was gegraduateer of het reeds ander beroepe beoefen. Ongeveer 'n honderd dames het aangemeld en is in drie pelotonne verdeel. Drie dames is as leiers van die pelotonne aangestel. Dit was hul plig om die pelotonne netjies na die betrokke lokale en ander plekke te laat marsjeer en om betyds daar aan te kom. Laatkommers en loslopers is nie geduld nie. Tipiese militêre dissipline!

'n Groot bliktrommel, uniforms, sportklere, beddegoed en studiemateriaal is aan elke student uitgereik; die koste daarvan is maandeliks van ons salarisse afgetrek. Dissipline en netheid was top prioriteit. Kamerinspeksies is gereeld gehou en ons is geleer om bed op te maak dat die kante reghoekig en glad was. Ons klerekaste moes binne almal dieselfde binne lyk. Daar was 'n diensrooster om die badkamers en trappe skoon te maak en elkeen was verantwoordelik om die gang voor haar kamerdeur blink te hou. Wanneer 'n kamer nie die inspeksie geslaag het nie, is die hele peloton gestraf. Ons het mekaar gehelp. 'n Medestudent wat voorheen verpleeg het, het my gehelp bed opmaak en ek kon weer beter stryk as sy. 'n Goeie lewensles wat ek daar geleer het, is hoe om met ander mense oor die weg te kom. Ons moes eers ses weke van harde basiese opleiding voltooi voordat ons toegelaat is om vir 'n dag uit te gaan.

Baie tyd is op die paradegrond deurgebring; dit moes 'n uitdaging vir die driloffisier gewees het om vir 'n klomp vroumense waarvan sommige nie die verskil tussen links en regs geken het nie, te leer dril. Bedags is ons in Wettereg, Strafreg, Strafprosesreg, Bewysreg en Volkekunde onderrig. Ons het ook opleiding in misdaadondersoek, optredes by ramptonele, noodhulp en selfverdediging ontvang. Elkeen is met 'n Walther PPK .32-pistool uitgereik en deeglik opgelei in skietetiket, wapenhantering en -instandhouding voordat die eerste skoot op die skietbaan geklap het. Op 'n warm dag is die ou soort gasmaskers wat 'n plastiese proppe onder aan die filtreerder gehad het en met rubberbande om jou kop vasgemaak word, uitgedeel. Dit lyk soos dié wat mens op foto's van WOII sien! Ons is met die maskers op eers goed rond gejaag, tot onder by die skietbaan waar traanrook afgevuur is. Ek was so vinnig as moontlik daar uit! Een van die studente wat vergeet het om die proppe onder af te haal was besig om te versmoor en sy het die masker van haar gesig af gepluk dat jy net rubber sien trek het. Ure later wanneer jy gebad of gestort het, het jou lyf weer van vooraf weens die traanrook begin brand.

Die menasie het drie gebalanseerde etes per dag voorsien wat ek baie geniet het want die baie oefening en vol program het ons honger gemaak. Ons is vanaf die perdestalle onder op die terrein tot bo by die hospitaal en terug rondgejaag. Die perdestalle se vloere en deure se koperskarniere het altyd geblink.

'n Hoogtepunt was die fliek wat elke week vertoon is. Die Poskantoor en winkel op die perseel is ook gereeld besoek. In hierdie tyd is die NG Kerkgebou ingewy. Dit was 'n pragtige gebou waarin ons meisies almal eendag wou trou.



Die uitpasseringsparade op die sportgronde was 'n baie spesiale geleentheid met al die pelotonne en die bekende Polisieblaasorkes heel voor. Ons was so trots om op die sportgronde te marsjeer. Verskeie toekennings is gemaak en daar was ook gimnastiek- en berede polisievertonings. Ek sal altyd die Romeinse rit van 'n staande persoon op drie perde onthou.

Die studente is daarna oor die hele land en Namibië uitgeplaas maar moes eers 'n praktiese tydperk voltooi om daarna as volwaardige konstabels aangestel te kon word.



Dit was 'n tydperk van dames as *eerstes* in die manlike domein. Ek was een van eerste twee vroue konstabels in Potchefstroom. In 1975 is 'n speurderkursus in Benoni aangebied wat vir die eerste keer deur elf dames bygewoon is waarvan ek een was. Dit het daartoe gelei dat ek as die eerste vrouespeurder in Wes-Transvaal, Wes Rand en Zululand aangestel is. Die werk as ondersoekbeampte neem jou lang ure weg van die huis af en ek moes myself in 1978 uitkoop toe ons met 'n gesin begin het. My loopbaan in die Polisie was ongelukkig te kort.